HEREFORD GROUP
Creating Financial Freedom

Skep Finansiële Vryheid

Die Hereford Maatskappygroep is in Februarie 1995 gestig. Sedertdien het die groep eksponensieel gegroei. Die Hereford handelsmerk het sinoniem geword met finansiële dienste en raad in die drie hoofsentra van Suid-Afrika, naamlik Johannesburg, Kaapstad en Durban.

As ‘n finansiële adviserende groep bied ons ‘n uitgebreide reeks van adviserende dienste, insluitend persoonlike finansiële beplanning, beleggingsbestuur, werknemervoordele, persoonlike welstandbestuur, gesondheidsorg-oplossings, korttermynversekering, makelaar-ondersteuning en parktykbestuur.

Korporatiewe en Werknemervoordele

Hereford Geïnkorporeer bied toegewyde, hoë gehalte werknemervoordele-konsultasies aan organisasies van alle groottes. Ons is daartoe in staat om leiding te bied en raad te gee oor al die belangrike risiko-, beleggings- en administrasieplatforms heen.

Ons beskik oor ‘n span ervare beroepsmense, insluitend aktuarisse, wat bevoeg is om die mees geskikte voordeleplan-strategie en -struktuur te ontwikkel en te implementeer. Ons oplossings word op ‘n unieke en onafhanklike wyse gestruktureer en word aangevul deur die spesialiteits-vaardighede van onafhanklike beroepsmense.

Belggingsbestuur

Hereford Groep gee vir sowel individue as maatskappye toegang tot ‘n reeks van die beste portfolio bestuursdienste en -produkte, met ‘n oplossing wat holisties gestruktureer is om in hulle behoeftes te voorsien en by hulle doelwitte te pas.

Persoonlike Finansiële Beplanning

Ons gekwalifiseerde en professionele finansiële beplanners is in staat om individue te help met die stel en bereik van langtermyn finansiële doelwitte deur beleggings, belastingbeplanning, bate-toekenning, risikobestuur, beplanning vir aftrede en boedelbeplanning. Die hoeksteen van enige finansiële plan is om holistiese balansstaat-bestuur te verseker deur die siklusse van welstand-generering, welstand-bestuur en welstand-beskerming. Herford Finansiële Dienste bied gepersonaliseerde finansiële beplanning wat die finansiële behoeftes van sowel die individu as die besigheidseienaar aanspreek.

Hereford Persoonlike Welstandbestuur

Die Hereford Persoonlike Welstandbestuursafdeling is gestig om individue met ‘n hoë nettowaarde te voorsien van ‘n vlak van kundigheid en advies wat nie geredelik beskikbaar is in die Suid-Afrikaanse mark nie. Hoogs tegniese en komplekse oplossings is dikwels nodig in die bestuur van inter-generasie rykdom, beplanning van erfopvolging, batebeskerming, boedelbeplanning en belasting-beplanning.

Gesondheidsorg Oplossings

Die private gesondheidsorg-industrie is uiters kompleks en voordturende veranderinge in wetgewing, die voorgestelde Nasionale Gesondheidsversekering en die belastingomgewing lei tot 'n behoefte aan onafhanklike en objektiewe advies by werkgewers. Ons moedig ons kliënte aan om 'n geïntegreerde gesondheidsorgstrategie te ontwikkel om te verseker dat alle aspekte van gesondheidsorglewering effektief bestuur word.

Huishoudelike en Kommersiële Versekering

Ons fokus daarop om waardevolle, koste-effektiewe oplossings te bied vir kliënte se korttermyn versekeringsbehoeftes. Ons primêre doel is om jou by te staan in die assessering van jou blootstelling aan verliese en die bepaling van jou unieke versekering- en risikobestuurbehoeftes.

Ons het tans 'n keuse van al die groot korttermyn versekeringsmaatskappye en spesialis assuransie-agentskappe tot ons beskikking. Dit stel ons in staat om aan ons breë spektrum van kliënte nommerpas oplossings te bied vir al hulle persoonlike of besigheidsbehoeftes – boonop met die beste diens en teen die beste prys.

Makelaar Ondersteuning en Praktykbestuur

Herford Finansiële Dienste het, deur ervaring in die finansiële dienste-industrie sedert 1995, 'n duidelike begrip verkry van die uitdagings van die makelaar ondersteuning- en praktykbestuur-omgewing – beide in die verlede en in die toekoms. Ons het hierdie kennis gebruik om 'n unieke besigheidsmodel te ontwikkel met betrekking tot onafhanklike makelaars en finansiële dienste besigheidseienaars.

Ons modelle maak voorsiening vir 'n verwantskap of vennootskap met Hereford. Beide modelle is primêr daarop gerig om deur praktykbestuur verligting te bring ten opsigte van die algemene uitdagings binne die finasiële dienste bedryf.

Trust Dienste

Hereford Fidusiêr is 'n vennootskap met spesialis fedusiêre prokureurs om professionele insette te verkry in die skep en administrasie van trusts, die opstel van testamente en die administrasie van boedels.

'n Trustee kan gedefinieer word as "iemand wat onderneem het om op te tree namens iemand anders in 'n spesifieke saak in omstandighede wat aanleiding gee tot 'n verhouding van vertroue en vrymoedigheid" (Lord Millet in Bristol & West Building Society v Mothew). Die diens wat Hereford Fidusiêr bied, berus op hierdie vertroue en vrymoedigheid.



Hereford Buitelands

As onafhanklike firma het ons die vryheid om aan ons kliënte objektiewe raad, gebaseer op onpartydige analise, te gee. Ons ervare konsultante bied kundige advies in verband met die bestuur en strukturering van buitelandse rykdom en aftreevoordele.

Ons kliënte trek voordeel uit toegang tot ons netwerk van kundiges, insluitend vooraanstaande beleggingspesialiste, internasionale trust-prokureurs en toonaangewende belegggingsbankiers.

Kaapstad: 021 552 7136 Johannesburg: 011 875 7600 Durban: 031 582 2300 Pietermaritzburg: 033 345 8202
Kloof: 031 832 4437 George: 044 802 9700 Pretoria: 012 347 5595 Willowbrook: 011 958 0630
www.herefordgroup.co.za | info@herefordgroup.co.za
Hereford Coastal Wealth (Edms.) Bpk. is 'n Gemagtigde Finansiële Diensteverskaffer in terme van die FAIS-wet (Lisensienr 42606).

Celebrating over 20 years 20 years of creating financial freedom